


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 4 - 13 MEI 2026

## KEER DIE TAFELS OM
*Gebed vir die Kerk om 'n Huis van Gebed vir alle Nasies te wees*
- Markus 11:15-19 -

Die groeiende **Wêreldwye Gebedsbeweging** is 'n bewys dat God besig is om Sy huis as 'n huis van gebed te herstel. Tans is daar miljoene gelowiges wêreldwyd wat God se aangesig soek vir die herlewing van die Kerk, die transformasie van stede en die verlossing van alle nasies.

Gedurende hierdie week fokus ons op gebed en vra die Heilige Gees om ons nader aan Jesus te bring deur 'n leefstyl van gebed. Ons bid ook dat die 24-7 Gebedsbeweging deur God gebruik sal word op eenvoudige maniere om 'n leefstyl van gebed onder gelowiges te fasiliteer.

---

**MAANDAG 4 MEI 2026**
**24-7 GEBED EN AANBIDDING**
*"Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle maak dit 'n rowersnes."* (Mattheus 21:13).

Die vereenvoudigde konsep van 24-7 gebed en aanbidding is om een of meer persone elke uur te laat bid om so al die ure van die dag te dek. In 1727 het die Morawiërs in Herrnhut 'n 24-7-365 gebedswag begin wat vir 125 jaar voortgeduur het. Dit het begin met 48 mans en vroue wat uurliks gebid het.

**Kom ons bid**
- Vra die Heilige Gees om kerkleiers in jou gemeenskap te lei en te inspireer om 24-7 gebedsgroepe te stig.
- Bid dat gelowiges in jou plaaslike gemeente God se oproep tot 24-7 gebed en aanbidding sal hoor en daarop sal reageer.
- Bid dat gevestigde kerkgebedsgroepe waaksaam en verenig sal bly in hul strewe om 'n 'huis van gebed' te word.

**Oorweeg:** Hoe kan ek deel word van 24-7 gebed en aanbidding in my gemeente?

---

**DINSDAG 5 MEI 2026**
**PLAASLIKE GEBEDSNETWERK**
*Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep.* (Jesaja 62:6a).

'n Gebedsnetwerk bestaan uit gemeentes, gebedsgroepe, gebedswagte en individue met 'n gesamentlike doel: om die Liggaam van Christus in gebed te mobiliseer. Die omvang daarvan word gevorm deur die doel en kan gesentreerd wees op die gemeenskap, stad, streek, nasionaal of wêreldwyd.

**Kom ons bid**
- Bid dat die Koninkryk van God sal uitbrei deur die vestiging van 24-7 gebedsnetwerke in jou stad.
- Bid vir eenheid onder kerkleiers terwyl hulle saam die Here soek vir geestelike transformasie.
- Bid dat die wagters op die mure getrou, nederig en dapper sal bly in die verkondiging van Sy Woord van waarskuwing, teregwysing en instruksie.

**Oorweeg:** Hoe kan ek deel word van 24-7 gebed en aanbidding in my stad of land?

---

**WOENSDAG 6 MEI 2026**
**INTERAKTIEWE GEBEDSKAMERS**
*"…want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."* (Mattheus 18:20).

'n Interaktiewe gebedskamer is 'n toegewyde ruimte waar individue kan bid, rus en God op 'n tasbare en persoonlike manier kan ontmoet. Die kamer is in stasies opgedeel, elk met 'n fokus op aspekte van gebed, insluitend persoonlike versoeke, intersessie, meditasie, oordenking, aanbidding, danksegging en belydenis.

**Kom ons bid**
- Bid dat gebedsruimtes in skole, winkelsentrums, kerkgeboue en ander openbare plekke gevestig sal word.
- Bid dat almal wat 'n gebedsruimte besoek die Here sal ontmoet, Sy stem sal hoor en rus sal vind in Sy teenwoordigheid.
- Bid ook dat mense wat die gebedsruimte uit nuuskierigheid besoek, radikaal getransformeer sal word deur die liefde van God.

**Oorweeg:** Wag op die Here en vra hoe jy betrokke kan raak om 'n gebedskamer te help vestig.

---

**DONDERDAG 7 MEI 2026**
**GEBEDSWANDELINGE**
*Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het.* (Hebreërs 11:30).

Gebedswandeling (Prayerwalking) word dikwels gekoppel aan die verhaal van Jerigo, waar die Israeliete in gehoorsaamheid aan God, een keer per dag vir ses dae en sewe keer op die sewende dag om die stad geloop het. Terwyl hulle in geloof opgetree het, het die Here die mure afgebreek en vir hulle die stad gegee (Josua 6; Hebreërs 11:30).

**Kom ons bid**
- Bid dat mense van alle ouderdomme die gewoonte sal aanleer om met die Here te praat terwyl hulle stap en sal vra vir Sy Koninkryk om in hul gemeenskappe gevestig te word.
- Vra vir die Here om mense te verenig met een visie vir gebedswandelinge in skole, woonbuurte en openbare ruimtes.

**Oorweeg:** Loop biddend deur jou buurt en vra die Heilige Gees om jou gebede vir jou gemeenskap te lei.

---

**VRYDAG 8 MEI 2026**
**GEBEDSKAARTE**
*Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word...* (2 Korintiërs 10:3-5a).

Gebedskaarte van 'n area identifiseer vestings (geestelike hindernisse wat die kennis van God weerstaan en gehoorsaamheid aan Christus belemmer), sondepatrone en geestelike invloede oor 'n stad of streek. Dit behels navorsing oor 'n gebied se geskiedenis om gefokusde intersessie, geestelike oorlogvoering en evangelisasie te kan doen en kwessies te kan onderskei wat geteikende gebed en deurbraak vereis. Gewoonlik gebruik jy 'n pad- of landkaart om bogenoemde te doen.

**Kom ons bid**
- Bid vir 'n ontwaking in die harte van God se mense om in te tree vir die geestelike welstand van hul dorpe.
- Bring een herhalende kwessie in jou tuisdorp voor die Here in gebed. Vra die Heilige Gees om vir jou insig te gee oor God se wil vir die plek en verklaar Sy Woord oor jou dorp in ooreenstemming met Sy wil.

**Oorweeg:** Ken jy die geskiedenis van jou dorp? Wat is die sigbare vestings in jou gemeenskap? Hoe kan jy daaroor bid?

---

**SATERDAG 9 MEI 2026**
**GEBEDSSENDELINGE**
*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…* (Mattheus 28:19).

'n Gebedssendeling bid vir 'n nasie of streek sonder om fisies daarheen te gaan. Deur gebed berei hulle die geestelike grond vir die Evangelie voor. Onder God se leiding kan hulle ook saam met sendingspanne reis om evangelisasie en kerkplanting in gebed te ondersteun.

**Kom ons bid**
- Bid dat gebedssendelinge getrou sal bly in hul gebedstye, wetende dat die gebede van die regverdiges 'n kragtige uitwerking het (Jakobus 5:16).
- Bid ook vir diegene wat tans op uitreik is, vir veiligheid en vir blywende vrug in die vestiging van God se Koninkryk (Psalm 90:17).

**Oorweeg:** Nooi 'n gebedssendeling na jou selgroep om te deel oor hoe om effektief vir die nasies te bid.

---

**SONDAG 10 MEI 2026**
**HULPBRON – BID VIR ONBEREIKTE MENSEGROEPE**
*"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."* (Lukas 10:2).

*Joshua Project* beklemtoon mense en plekke met die minste toegang tot of reaksie op die Evangelie sodat die Liggaam van Christus gebed en sendingpogings kan prioritiseer.

**Kom ons bid**
- Vra ons Koning, die Here aan Wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur om te bid en uit te reik na die onbereikte volksgroepe.
- Bid vir sendelingtaakspanne vir 'n strategie van God oor hoe om na mense uit te reik wat nog nooit van Hom gehoor het nie.

**Oorweeg:** Neem 'n onbereikte volksgroep in gebed aan. Volg wat God in hul midde doen deur die gefokusde gebedsriglyne wat voorgestel word.

---

**MAANDAG 11 MEI 2026**
**HULPBRON – BID VIR DIE WÊRELD**
*… verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van Sy mag, al die volke van Sy magtige dade.* (Psalm 96:2b-3).

*Operation World* is 'n wêreldwye gebedsgids wat elke land dek, met gedetailleerde statistieke, historiese agtergrond en insigte omtrent die godsdienstige landskap van elke land. Dit rus gelowiges toe met ingeligte gebedspunte en in sommige uitgawes sluit dit getuienisse en verslae van geestelike deurbraak in.

**Kom ons bid**
- Bid dat God se heerlikheid in elke nasie van die wêreld verklaar sal word wanneer gelowiges Sy Naam in gebed en aanbidding aanroep.
- Bid met vreugde en verwagting dat daar van elke nasie, stam, volk en taal mense sal wees wat Jesus liefhet soos Hy belowe het!

**Oorweeg:** Neem vandag 'n paar oomblikke om die *Operation World* gebedsgids aanlyn te lees. Lees meer oor jou eie land en bid dienooreenkomstig.

---

**DINSDAG 12 MEI 2026**
**HULPBRON – BID VIR STEDE**
*"Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!"* (Mattheus 23:37).

110 Cities is 'n gebedsinisiatief met die visie om die 110 mees onbereikbare stede in die wêreld met die Evangelie te bereik, met die vertroue dat duisende kerke onder hulle geplant sal word waarChristus verheerlik sal word.

**Kom ons bid**
- Bid dat die burgers van hierdie stede van afgode sal wegdraai en die lewende God sal dien (Eksodus 20:3-5).
- Vra vir die Heilige Gees om mense van sonde te oortuig (Johannes 16:8).
- Bid dat die boodskap van die Kruis, die opstanding en die ewige lewe blywende hoop sal bring aan talle mense wat sonder hoop is (1 Petrus 1:3).

**Oorweeg:** Bid vandag vir jou stad; dat God se liefde aan die ongereddes geopenbaar mag word.

---

**WOENSDAG 13 MEI 2026**
**HULPBRON – BID VIR KINDERS**
*Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."* (Mattheus 19:14).

*2 Billion Children* (2BC) se visie is dat kinders oor die wêreld heen die stem van hul hemelse Vader sal hoor, hul identiteit in Christus sal ken en deur God se Gees bemagtig sal word om Sy liefde te deel!

**Kom ons bid**
- Bid dat kinders katalisators vir herlewing in hul invloedssfeer sal wees; by die skool, op die speelgrond, by sportbyeenkomste, ens.

**Oorweeg:** Kweek die gewoonte aan om vir kinders wie jy ken by die naam te bid en die Here te vra om Homself aan hulle te openbaar.

---